## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VERHAAL A: "DIE LAS" (20) **EN** VERHAAL B: "DIE DAG VAN DIE ROOS" (20)

**OF**

**VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: "DIE LAS"– Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy het gedink dat hy dit die aand aan sy pa sou wys. Hy kon sommer al sien hoe hy sou lag en hom op die skouer klop. Dit was sy pa wat hom leer albaster speel het, daarom kon hy ente beter speel as die ander.
>
> Toe hy om die hoek kom om in sy eie straat af te stap, het hy die motors gesien.
>
> ***
>
> En nou sê hulle sy pa is dood. Dan is hy en sy ma mos nou alleen.
> "Ma." Sy stem het hoog en yl geklink.
>
> ***
>
> Toe sy ma se oë oopgaan, het hulle 'n oomblik vir hom gekyk soos die oë van die steenbokkie wat sy pa geskiet het ...

6.1 Wat het Schalkie in sy sak gehad wat hy daardie aand vir sy pa wou wys? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.2) en die antwoord neer.

| besige; | streng; | goeie |
|---|---|---|

Schalkie se pa het hom leer albaster speel (reël 2).

Dit wys vir ons dat hy 'n ... pa was. (1)

6.3 Die mense was by Schalkie-hulle se huis ná die nuus van sy pa se dood.

Wie het vir Schalkie van sy pa se dood vertel? (1)

6.4 Gee TWEE redes waarom dit vir Schalkie moeilik was om te glo dat sy pa dood was. (2)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Schalkie se ma se oë het "vir hom gekyk **soos die oë van die steenbokkie wat sy pa geskiet het** ..." (reël 7 en 8) is 'n voorbeeld van (personifikasie/ 'n vergelyking). (1)

6.6 Schalkie se pa se dood het almal wat in die huis was, geraak.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Oom Frans | A … het dadelik besef dat Schalkie ná sy pa se dood, 'n las sou dra. |
| 6.6.2 Ouma | B ... het onthou dat Schalkie se pa nooit gehuil het nie. |
| 6.6.3 Schalkie se ma | C … kon nie die begrafnis bywoon nie. |
| 6.6.4 Die dokter | D … was bekommerd omdat Schalkie nie gehuil het toe hy hoor dat sy pa dood is nie. |
| | E … het stil gehuil met trane wat dik strepe loop. |

(4 x 1) (4)

6.7 Schalkie se ma het verwag dat hy heeltyd naby haar moes bly en hy het dit ook gedoen, al het dit hom ongelukkig gemaak.

Hoe kon Schalkie hierdie situasie anders hanteer het? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> So het dit gekom dat Dirk van Graan dikwels by Schalkie se huis gekom het. Hy het gesien hoe die vrou se stroefheid afneem, ...
>
> ***
>
> Sy het selfs toegestem dat Schalkie soms saam met Dirk êrens heen gaan. En stadigaan het iets van die ou vonkeling in die kind se oë teruggekeer.
>
> ***
>
> Totdat Lida besluit het om by haar ouers te gaan woon.

6.8 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Dirk van Graan het mooi gevra dat Schalkie en sy ma nie moes weggaan nie.
- Schalkie het uit die huis gehardloop.
- Schalkie se ma het vir Dirk van Graan gebel om te help.
- Schalkie se ma het vir Schalkie vertel dat hulle gaan trek. (4)

6.9 Sou dit 'n goeie plan wees vir Schalkie en sy ma om te trek? Motiveer jou antwoord. (1)

6.10 Schalkie het weggeloop van die huis af omdat hy nie langer die las kon dra nie. (1)

Sê waarom dit ONWAAR is.

6.11 Waarom, dink jy, sou dit vir Schalkie goed wees as sy ma met Dirk van Graan trou? (1)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.12) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.12 E.

Wat is die boodskap in hierdie verhaal?

A Ouers moet na hulle kinders se opinies luister.
B Kinders moet 'n ouer wat gesterf het, se plek inneem.
C Kinders behoort nie hul ouers se verantwoordelikhede te dra nie.
D Oumas en oupas moet help om die kleinkinders groot te maak. (1)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.13) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.13 E.

Aan die einde van hierdie verhaal het Schalkie vir ons gewys dat hy vir Dirk van Graan as sy nuwe pa ... het.

A bewonder
B aanvaar
C afgekeur
D uitgedaag (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE DAG VAN DIE ROOS" – Jan Rabie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die duine het nog sinkplaat-skaduwees gewerp toe hul jong voete daaroor spoor na die rustelose grens van die see wat dieper-in groot en blou en stil soos die hemel lyk.
>
> Die jongklomp het uitgelate te kere gegaan op die sand.
>
> Net *sy* tong was bot en beangs in sy mond.
>
> ***
>
> Altyd bly sy by andere, het hy met woede by die skuite in die meeue se gier en maal gestaan en dink, ...

6.14 Tydens watter seisoen het hierdie verhaal plaasgevind? (1)

6.15 "... het hy met woede ..." (Reël 5)

6.15.1 Waarom was die seun die oggend so kwaad vir homself? (1)

6.15.2 Waarom was dit onregverdig dat die seun ook vir Alta kwaad was? (1)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

"Die duine het nog **sinkplaat-skaduwees** gewerp" (reël1), is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/metafoor) en wys dat dit nog vroeg die oggend was. (1)

6.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.17) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.17 E.

Wat bedoel die skrywer wanneer hy sê: "... in die meeue se **gier en maal** gestaan en dink"? (Reël 5 en 6)

Die seun het gestaan en dink terwyl die meeue ...

A deurmekaar rondgedraai het.
B vir die seun geskrik het.
C kos gesoek het.
D weggevlieg het. (1)

6.18 Wat het die seun laat stilstaan toe hy laatmiddag teruggestap het huis toe? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe hy weer durf kyk, het hy gesien hoe hulle nou albei in sy rigting kyk, en hoe haar hare skielik soos 'n seemeeu val langs haar gesig toe sy weer buig oor die roos.
>
> ***
>
> ... en gesien het hoe die meisies nou langs die eindelose oopvou van skuimsome aanloop, en al kleiner word, al verder weg van die roos wat nog altyd soos 'n donker bloedvlek op die wit sand gloei.
>
> 'n Tyd lank het hy in die water-gespoel gestaan voor hy eensklaps uitgehardloop en sonder omkyk die duine ingehaas het. Laat die see dan maar hoog opstoot ...

6.19 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.19) en die antwoord neer.

| die roos daar gelos het; van Alta hou; hulle hoor sing het |
|---|

Die meisies het albei in die seun se rigting gekyk, want hulle het geweet dat hy ... (1)

6.20 Waarom pas die gebruik van die vergelyking "hoe haar hare skielik soos 'n **seemeeu** val" by die plek waar die storie gebeur? (1)

6.21 Waarom, dink jy, beskryf die vergelyking "soos 'n **donker bloedvlek op die wit sand gloei**" (reël 4 en 5) die seun se emosies baie mooi? (1)

6.22 Die verliefde seun se plan met die roos het geslaag.

Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.22.1 tot 6.22.4) en neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.22.1 | Alta se vriendin | A | … het 'n koraaltakkie op die strand gevind. |
| 6.22.2 | Die verliefde seun | B | ... het 'n romantiese atmosfeer geskep. |
| 6.22.3 | Alta | C | … het eerste langs die roos gebuk. |
| 6.22.4 | Die kitaarspeler by die landingsplek | D | … het teruggeloop en die roos gaan haal. |
| | | E | … het die gebeure ongemerk probeer dophou. |

(4 x 1) (4)

6.23 Alta was skaam toe sy die roos op die sand gekry het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.24 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die verliefde seun het langs die rustige see gaan stap.
- Alta het die aand met die verliefde seun by die landingsplek gepraat.
- Die verliefde seun se geluk het hom gedryf om in die see te swem.
- Die verliefde seun was kwaad en vol wraakgedagtes omdat Alta die roos gelos het. (4)

6.25 As jy die seun was, hoe sou jy die volgende dag teenoor Alta optree? (1)

6.26 Waarom pas die titel so goed by die verhaal? (1)
**[40]**

**OF**

